

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 20

[LEIERSKAP] DIAKENS IN 'N AMP

In hierdie supplement vertaal ons die Griekse woord “diakonos” (enkelvoud) en “diakonoi” (meervoud) met die Afrikaanse woord “diaken” en “diakens”. Wie is hierdie diakens?

In die Nuwe Testament lees ons dat alleen drie gemeentes diakens gehad het en dat diakens altyd met die oudstes/ouderlinge geassosieer word. Maar diakens word gekies en aangestel. NIE om 'n plaaslike gemeente te lei nie, maar om te dien (waarskynlik deur leiding te gee aan spesifieke take in die gemeente).

1. Die beperkinge van diakens.

(1) Diakens word beperk in hulle aanstelling.

Die Bybelse onderrig. Die Nuwe Testament leer dat Christene oudstes/ouderlinge moet aanstel om die gemeente te lei, maar leer nie dat die gemeente diakens moet aanstel nie.

Die Bybelse geskiedenis. In die geskiedenis van die Bybel lees ons dat die gemeente van Jerusalem diakens aangestel het (Handelinge 6:1-7), en dat behalwe hulle alleen die gemeentes van Filippi (Filippense 1:1) en die gemeente van Efese (1 Timoteus 3:8-13) diakens gehad het. Dus, het die meeste gemeentes geen diakens nodig nie. Die diakens in die gemeente van Jerusalem is gekies om 'n baie spesifieke taak uit te voer en ook vir 'n beperkte periode van tyd. Byvoorbeeld, Filippus was 'n diaken vir 'n beperkte periode en daarna 'n evangelis (Handelinge 6:5; Handelinge 8:4-5).

(2) Diakens word beperk in hul leierskap.

Die diakens mag nie die plek van die oudstes/ouderlinge inneem nie. Die take van diakens is verskillend van die take van oudstes/ouderlinge. Die amp van diaken was nooit 'n amp van leierskap oor die hele gemeente nie! “'n Raad van diakens” mag dan ook nooit “die raad van oudstes/ouderlinge”¹ (1 Timoteus 4:14) as leiers van die gemeente vervang nie. Dis beter om geen “raad van diakens” saam te stel nie. Elke diaken behoort onder die toesig van 'n oudste/ouderling in die gemeente te funksioneer. Die taak van 'n diaken is om te dien en nie om leiding te gee aan die gemeente nie (1 Timoteüs 5:17).

Die oudstes/ouderlinge mag bepaalde take en aktiwiteite aan die diakens of aan die gewone gemeentedelegeer. Maar wanneer hulle dit doen, bly die oudstes/ouderlinge die verantwoordelike leiers van die gemeente en van al die bedieninge en aktiwiteite van die gemeente.

(3) Diakens word beperk in hulle take.

Die take van diakens verskil ook van die take van gewone gemeentedelegeer. Die woord “diaken” beteken letterlik “dienaar”. Volgens Handelinge 6:1-7 word diakens vir 'n spesifieke taak in die gemeente gekies.

Maar volgens Efesiërs 4:12 behoort alle Christene toegerus te word vir hulle diens aan Christus en volgens 1 Petrus 4:10-11 moet alle gemeentedelegeer 'n aktiewe deel hê aan die bedieninge van die gemeente deur gebruik te maak van hulle spesifieke talente (vermoëns) en geestelike gawes. Daarom mag die bedieninge van die diakens nooit die bedieninge van die oudstes/ouderlinge vervang nie!

2. Die Bybelse kwalifikasies vir diakens.

Die Bybelse vereistes of kwalifikasies vir diakens word duidelik in die Bybel geleer (Handelinge 6:3; 1 Timoteus 3:8-13). Diakens mag nooit gekies word op grond van hulle posisie, mag of rykdom in die maatskappy nie, maar moet gekies word op grond van hulle persoonlike gedrag, gesinslewe en hulle vermoëns in die bediening.

3. Die take van die diakens.

(1) Die take van diakens verskil van die take van die oudstes/ouderlinge.

Die diakens mag nie die plek van die oudstes/ouderlinge inneem nie. 'n Gemeente mag nooit 'n Raad van diakens in die plek van 'n Raad van oudstes/ouderlinge aanstel nie. Die take van diakens is om te dien en nie om die gemeente te lei nie.

(2) Die take van diakens verskil ook van die take van gewone gemeentedelegeer.

Die diakens mag nooit die plek van gewone gemeentedelegeer inneem nie en so alle take in die gemeente uitvoer nie.

(3) Die spesifieke taak van die diakens is om sorg te dra vir die nuwe omstandighede wat ontstaan op grond van die verkondiging van die Woord en die groei van die gemeente.

Handelinge 6:1-7 vertel dat die diakens in die eerste historiese gemeente te Jerusalem vir 'n spesifieke doel gekies is. Toe die getal dissipels toegeneem het tot meer as 5000, het daar 'n probleem ontstaan in die gemeente: bepaalde mense

¹ Grieks: presbiterion

is oorgeslaan by die daaglikse verdeling van voedsel onder die armes. Die apostels van Jesus Christus het saam met gemeentelede 'n aantal manne uitgekies om aan hierdie spesifieke saak aandag te gee. Die diakens is gekies omdat die oudstes/ouderlinge nie genoeg tyd en krag gehad het om naas hulle eie take (die verkondiging van die Woord en gebed) hierdie taak uit te voer nie.

Daarom moet die diakens beperk word tot spesifieke take wat gemeentelede verwaarloos het of nie kon doen nie. Daarom is diakens dikwels die leiers van spesifieke take in die gemeente wat onder die toesig van die raad van oudstes/ouderlinge val. Die diakens mag die leiers of leraars van spesifieke groepe mense in die gemeente wees: jeugleiers, Sondagskool leiers, koördinatore van evangelisasie of barmhartigheid projekte, administrasie van finansies, ens. Terwyl die oudstes/ouderlinge die leierskaptake uitvoer, voer die diakens die dienende take uit.

(4) Die tradisionele take van diakens is om sorg te dra vir behoeftige gemeentelede.

Die diakens in die Nuwe Testament is uitgekies omdat die oudstes/ouderlinge nie die vermoë, tyd of energie gehad het om naas hulle eie verantwoordelike take sorg te dra vir die behoeftige gemeentelede nie (Handelinge 6:1-7; Jakobus 1:27; Jakobus 2:15-17; 1 Johannes 3:16-18). 'n spesiale taak van die diakens is om die gawes wat Christene aan God gee te versamel en aan behoeftige gemeentelede uit te deel (1 Korintiërs 16:2-3). Volgens 2 Korintiërs 8:4,20 en 2 Korintiërs 9:1,12,13 het hulle ook gesorg vir die gawes wat gemeentelede gemaak het om gemeentes/kerke in ander plekke (lande) by te staan.

Samevatting. As diakens gekies word, word hulle nooit gekies om die gemeente te lei nie, maar om die gemeente in spesiale sake te dien. Diakens mag nie die bediening van ander gemeentelede oorneem nie, maar behoort te dien in take wat spesiale bekwaamhede vereis of wat deur die gemeentelede verwaarloos word. Hulle dien waar ander Christene nie kan of wil dien nie. Die Bybel bepaal hul vereiste kwalifikasies en take. Hulle dien totdat hulle taak voltooi is.